So is ons verraai (22)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

APARTHEID, 1948-1994 (12)

Indiensneming

Die *Wet op die Bevordering van Bantoe Selfregering, Wet 46 van 1959* het die wetlike masjinerie geskep waardeur die verskillende Swart etniese groepe volledige selfregering kon verkry. Dit het voorsiening gemaak vir die vervanging van 'n tuisland se Gebiedsowerheid met 'n Wetgewende Vergadering wat oor groter wetgewende magte beskik het en die tuisland onder sy gesag as 'n "selfregerende" gebied in samewerking met die Suid-Afrikaanse Regering, kon verklaar. Elke tuislandregering het ook 'n Uitvoerende Raad gekry, wat deur 'n Kabinet vervang is sodra selfregerende status bereik is. In daardie stadium het die hoofraadslid 'n Hoofminister geword en die Suid-Afrikaanse Regering het bykans nog net oor die portefeuljes van buitelandse sake en verdediging gesag behou. Die tuislandregering kon Suid-Afrikaanse wette wat op die tuisland of sy burgers — hetsy binne of buite die tuisland — betrekking gehad het, wysig of ter syde stel.

Hierdie grondwetlike maatreëls is nie op die tuislande afgedwing nie; inteendeel, dit was aan die Swartes oorgelaat om self te besluit of hulle hierdie pad na selfregering wou volg. Die oorgrote meerderheid mense in die gebiede het uit vrye wil ten gunste van die stelsel besluit en teen die middel van die 1960s het daar reeds 9 000 persone op meer as 570 stamowerhede gedien. Verkiesings was goed ondersteun en die meeste kiesers het partye ondersteun wat aan die aparte ontwikkelingsprogramme van die Suid-Afrikaanse regering deelgeneem het (*Department of Information: 8, 35*). 'n Broerskind van Nelson Mandela, Kaiser Matanzima (wat die eerste leier geword het van die Transkei, die eerste tuisland wat volle onafhanklikheid van Suid-Afrika verklaar het), het sy ondersteuning van aparte ontwikkeling in sy boek "*Independence my way"* gemotiveer. Etlike jare ná die onafhanklikheid van die Transkei het hy in 'n televisie-onderhoud verklaar: "*I must ... convey my thanks and appreciation to the 1948 government of South Africa, which formulated the policy which presented opportunities for the liberation of my people in the diverse ways of development*" (*Jonker: 48*).

Sedert die aanbreek van die vyftigerjare is daar egter 'n formidabele reeks internasionaal-geïnspireerde aanvalle teen die SA-regering geloods wat tot gevolg gehad het dat geen inisiatief van die Nasionale Party, hoe voordelig ook al vir die Swart bevolking, harmonie en vreedsame samewerking tussen die onderskeie rasse teweeg kon bring nie. Weerstand onder die Swart bevolking teen apartheid is aangehits deur die kommunistiese blok; die groeiende aantal Derdewêreld lande wat tydens die de-kolonisasieproses onafhanklik geword het; sosialiste, kommuniste en humaniste uit die Weste; en plaaslik deur die ANC en die SA Kommunistiese Party (wat in 1950 verban is en van toe af ondergronds gefunksioneer het). Die SA Kommunistiese Party en die ANC het al so vroeg as 1950 en 1951 stakings georganiseer. Dit is opgevolg met grootskaalse openbare byeenkomste gedurende die "*Defiance Campaign*" ('n veldtog van doelbewuste wetsoortreding) van 1952/ 53, waartydens die afskaffing van verskeie apartheidwette geëis is. Toe die NP-

regering dit geweier het, het die Swart bevolking die wette *en masse* oortree ten einde grootskeepse inhegtenisnemings te ontlok (*Mandela: 133-136; 142; 145-159*).

Die "*Defiance Campaign*" was veral teen die gehate "paswette" gerig. Die eerste paswette wat op die Negroïede bevolking van Suidelike Afrika van toepassing gemaak is, is in 1797 tydens die eerste Britse besetting van die Kaap deur goewerneur McCartney ingestel om die invloei van Xhosas uit Xhosaland na die Kaap te beheer (*Smith & Booysen: 11*). Britse owerhede, en nie die Boere nie, sou die volgende 100 jaar en langer paswette aanwend om Swart migrasie in Suidelike Afrika te reguleer. Die apartheidsregering het ná 1948 bloot die *status quo* gehandhaaf. Die pas het die draers daarvan se persoonlike identiteit bevestig en ook bevestig of hulle teenwoordigheid in 'n sekere gebied gemagtig was. Die doel daarvan was om toestroming na die Blanke land vanaf die tuislande en aangrensende state soos Botswana, Mosambiek, Zimbabwe, en Lesotho te beheer. Hierdie mense het in toenemende getalle as onwettige immigrante na Suid-Afrika gestroom, waarheen die ekonomiese voorspoed wat onder apartheid bereik is, hulle gelok het.

Die paswette het egter méér as politieke doelwitte gehad, want dit het ook die sosio-ekonomiese probleme wat onbeheerde verstedeliking en die chaotiese omstandighede wat orals in die wêreld telkens daarop gevolg het, verhoed: massas ontevrede mense wat nie in die stedelike arbeidsmark opgeneem kon word nie; wat 'n buitensporige las op maatskaplike en munisipale dienslewering geplaas het waaraan nie voldoen kon word nie; en wat uiteindelik werkloos en verarm in krotbuurtes beland het. Styging in misdaad en ander sosiale euwels het onvermydelik daarop gevolg. Die apartheidregering het waargeneem hoe hierdie tragiese patroon onder vorige administrasies ontvou het en was vasbeslote om dit te voorkom (*Sauer Verslag: 9-11; Smith & Booysen: 24-25; 74-75; Gann & Duignan: 73*).

Met die toename van Marxisme as ideologie in die ANC, het die botsing tussen Swart en Wit na die terrein van ekonomiese ideologie uitgebrei. Onder die invloed van die verbanne SA Kommunistiese party het die ANC in 1955 die "*Freedom Charter*" aangeneem, waarin die nasionalisering van grond, banke en myne onder 'n Swart meerderheidsregering belowe word. Dit het natuurlik die stoere anti-kommunistiese Boere-Afrikaner se grootste vrese bevestig, naamlik dat 'n Swart oorname nie alleen die verlies van hulle selfbeskikking sou meebring nie, maar ook 'n regering daar sou stel wat die land se ekonomie met kommunisties geïnspireerde beleidsrigtings sou verwoes.